basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

| PUNTE | |
|---|---|

**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2012**
**GRAAD 4 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**
**TOETS**

**PUNTE: 20**

**TYD: 1 uur**

**PROVINSIE** ____________________________________________

**STREEK** ____________________________________________

**DISTRIK** ____________________________________________

**NAAM VAN SKOOL** ______________________________________

**NASIONALE OBIS-NOMMER (9 syfers)**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | |

**KLAS (bv. 4A)** ________________________________________

**VAN** ____________________________________________

**NAAM** ____________________________________________

**GESLAG (✓)**

| SEUN | | DOGTER | |
|---|---|---|---|

**GEBOORTEDATUM**

| C | C | Y | Y | M | M | D | D |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

**Hierdie toets bestaan uit 7 bladsye, die voorblad uitgesluit.**

**Instruksies aan leerders**

1. Lees al die instruksies noukeurig deur.
2. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien word.
3. Die toets duur 60 minute.
4. Die onderwyser sal jou deur die praktiese voorbeelde lei voordat jy met die toets begin.
5. Skryf netjies en leesbaar.

**Praktiese voorbeelde**

1. **Omkring die letter voor die regte antwoord.**

Kool is ŉ ...

A vrug.

(B) groente.

C wortel.

D bessie.

Jy het die vraag korrek beantwoord indien jy B omkring het.

2. **Skryf die korrekte antwoord in die spasie wat voorsien word.**

Jan is ŉ seun en Marie is ŉ ___________.


Antwoord: meisie of dogter

Jy het die vraag korrek beantwoord indien jy "meisie" of "dogter" in die spasie geskryf het**.**

**Die toets begin op die volgende bladsy.**

**Lees die gedig en beantwoord Vraag 1.**

Treintjie, treintjie op die spoor,
Reis dorp toe ek sit voor.
Stop vir elke mens wat wag.
Dorp toe, winkels toe, dag na dag.



1. **Omkring die letter voor die korrekte antwoord.**

Wat is die beste titel vir die gedig?

A Besoek aflê

B Eet

C Reis

D Dans (1)

2. **Beantwoord die volgende vrae:**

2.1 Die volgende sin is in die teenwoordige tyd geskryf.

Die trein is op die stasie.

Skryf die sin in die verlede tyd oor, en begin met die woord Gister.

**Gister**__________________________________________ (1)

2.2 Die volgende sin is in die teenwoordige tyd geskryf.

Die trein stop vir mense op sy roete.

Skryf die sin in die toekomende tyd oor, en begin met die woord Môre.


**Môre** ____________________________________________ (1)

3. Skryf die **meervoud** van die onderstreepte woord neer.

Die rooi en blou **<u>trein</u>** het gestop.

______________________________________________________________ (1)

**Lees die teks hieronder en beantwoord Vraag 4 tot 6.3.**



Blessu was 'n baie klein olifantjie toe hy vir die eerste keer genies het. Die ander olifante het stadig deur die lang gras beweeg. Hy kon nie sy ma en tannies se bene sien nie. Die gras was hoog en dit het die lywe van sy groter broers en susters halfpad bedek. Jy kon Blessu glad nie sien nie.

Daar onder waar hy in die lang, blommende gras geloop het, was die lug vol stuifmeel. Blessu het skielik 'n snaakse kielie-sensasie bo-op sy klein slurpie tussen sy oë gevoel. Hy het sy ogies en mondjie toegemaak, en sy baie klein slurpie reguit vorentoe uitgesteek, en genies: "AAARCHOOO!" Dit was nie die grootste nies in die wêreld nie, maar dit was baie groot vir 'n baie klein olifantjie. "Mag jy geseën word!" het sy ma en tannies en sy groter broers en susters geskree.

[Uittreksel uit 'n boek deur Dick King Smith]

4. **Omkring die letter voor die korrekte antwoord.**

Wat is die beste titel vir hierdie storie?

A Die Trop Olifante

B Die Baba-olifantjie wat Genies het

C Olifante in die Gras

D Olifantbroers en -susters (1)

5. **Omkring die letter voor die korrekte antwoord.**

Jy kon nie vir Blessu sien nie, want ...

A hy het agter sy ma weggekruip.

B sy broers en susters was in sy pad.

C die gras was baie lank.

D die lug was vol stuifmeel. (1)

6. **Beantwoord die volgende vrae:**

6.1 Omkring die letter wat Blessu die beste beskryf.

A Siek

B Lawaaierig

C Snaaks

D Jonk (1)

6.2 Maak 'n regmerkie in die blok met die regte antwoord.

Het Blessu alleen in die grasvelde geloop?

| | |
|---|---|
| **JA** | **NEE** |

(1)

6.3 Gee 'n goeie rede vir jou antwoord.

________________________________________

________________________________________ (1)

7. **Verbind die volgende twee sinne deur <u>en</u> te gebruik.**

Blessu het genies. Dit het 'n groot geraas gemaak.

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

8. **Beantwoord die volgende vrae:**
**Kies die korrekte woord wat die teenoorgestelde betekenis het as die onderstreepte woord.**
**Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.**

8.1 Die olifant het die takke <u>vrolik</u> afgetrek, terwyl die voël … gekyk het.

A hartseer
B kwaad
C treurig
D kwaai (1)

8.2 Die olifant het 'n baie <u>kort</u> slurp gehad.

A lank
B groot
C vet
D lang (1)

**Gebruik die onderstaande rooster van die naskoolse aktiwiteite by Annie se skool om Vraag 9 –10 te beantwoord.**

| DAG | TYD | AKTIWITEIT | ONDERWYSER |
|---|---|---|---|
| Maandag | 14:00–15:00 | Sokker | Mnr. Modise |
| | 15:00–16:00 | Atletiek | Mnr. Melamu |
| Dinsdag | 14:00–15:00 | Netbal | Mev. K Moodley |
| | 15:00–16:00 | Koor | Mev. Mavundla<br>Mnr. Lembethe |
| Woensdag | 14:00–15:00 | Dans | Mev. Mkhize |
| | 15:00–17:00 | Drama | Mev. Govender |
| Donderdag | 14:00–15:00 | Skaak | Mnr. Modise |
| | 15:00–16:00 | Kuns | Mev. Phiri |

9. **Annie wil graag kuns en dans doen. Op watter TWEE dae moet sy die klasse bywoon?**
**Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.**

A Woensdag en Donderdag
B Maandag en Woensdag
C Dinsdag en Donderdag
D Maandag en Vrydag (1)

10. **Vir watter aktiwiteit gebruik jy ’n verfkwas?**

A Kuns
B Dans
C Sokker
D Koor (1)

**Lees die paragraaf hieronder en beantwoord Vraag 11.**

| |
|---|
| ’n Insek soos ’n skoenlapper of ’n mot het ses pote. Sy liggaam is in drie dele verdeel. Skoenlappers vou hulle gekleurde vlerke bo-op hulle liggame wanneer hulle gaan rus. Motte met donker vlerke, vou hulle vlerke plat. Skoenlappers vlieg gedurende die dag, maar motte vlieg in die nag. Alle skoenlappers suig nektar (’n soet vloeistof) van die blomme, maar nie alle motte doen dit nie. |

11. **Vul die korrekte woorde in.**

Skoenlappers en motte is (11.1) ________________________. (1)

Skoenlappers het helderkleurige vlerke, maar motte het donker vlerke en hulle vlieg in die (11.2) ______________________. (1)

12. **Skool is ’n belangrike deel van die lewe. Skryf VIER interessante sinne oor jou skool. Jy mag skryf oor jou onderwyser, die dinge waarvan jy hou en nie hou nie of dalk wat jy gedurende pouse doen.**

Onthou om versigtig te wees vir spelfoute, taalfoute en leestekens.

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (4)

**TOTAAL: 20**